*Dinsdag* **10**

**SKRIFGEDEELTE: GENESIS 38; MATTEUS 1:3**
**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 38:24-26**

**Tamar – God red mense wat vreemde gode aanbid en roep hulle tot diens in sy koninkryk**

Tamar – die vrou wat Juda vir sy seun, Er, gekies het as huweliksmaat, was 'n Kanaänitiese afgodedienares (Gen. 38:6). Sonder dat sy dit besef het, het God ook in haar lewe met sy uitverkiesende genade gewerk.

Nadat haar "slegte" man Er sterf (vs 6), kon Tamar kies om terug te gaan na haar familie en afgodsdiens. Sy kies egter om, soos 'n ware Israeliet, op haar reg (Deut. 25:5-10; Rut 1:20) te staan en trou met haar swaer. Onan misbruik haar (vs 9) en vir die tweede keer word sy 'n kinderlose weduwee. Juda, haar skoonpa, ontwikkel 'n bygelowige vrees teenoor Tamar en stuur haar met 'n valse belofte terug na haar mense (vs 11).

Tamar se besluit om Juda te verlei, kom uit die agtergrond van die afgodery waarin sy opgegroei het. Sy het grootgeword tussen mense waar tempelprostitusie 'n gewoonte was.

Juda se vonnis oor Tamar ontbloot sy eie sonde. Met die balk uit sy eie oog, bely Juda sy sonde openlik. Uiteindelik keer Juda terug na sy vaderhuis en die Ou-Testamentiese kerk met Tamar en die tweeling (Gen. 42). Peres was die stamvader van Dawid en van Jesus.

God se krag en genade is sterker is as die sonde van godelose en kerkmense. Dit wat by mense skeefloop, keer nie God se raadsplan nie. Ten spyte van die sonde en sondige agtergrond van 'n mens werk God se uitverkiesing deur. Die dogter van 'n vreemde god word 'n grootmoeder van Jesus.

God se genade en trou dring Hom telkens weer om in te gryp en sy skepping te red van die moontlikheid van verydeling vanweë die sonde van mense. Tamar is uit God wedergebore om deel van sy heilsplan te word (Heb. 2:11).

*Sing: Psalm 9:1, 5, 7*

*Ds. HW (Hennie) Schutte (Wesrand)*